DEEL 118 | WEEK 4 | 23 JANUARIE 2026 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR



# Bek-en-klouseer en entstoftekorte plaas Vrystaatse boere onder druk

Die aanhoudende verspreiding van bek-en-klouseer, tesame met 'n ernstige tekort aan beskikbare entstowwe, plaas toenemende druk op boere in Heilbron en omliggende Vrystaatse landbougebiede. Die krisis hou 'n direkte bedreiging in vir die plaaslike vleisbedryf, voedselvoorsiening en die ekonomiese volhoubaarheid van plase.

Vrystaat Landbou waarsku dat die staat se sentrale beheer oor bek-en-klouseer-entstowwe nie meer doeltreffend funksioneer nie. Volgens die organisasie lei beperkte voorraad, burokratiese prosesse en vertragings in verspreiding daartoe dat inentings nie betyds kan plaasvind nie, wat die onbeheerde verspreiding van die virus vererger.

Landbouleiers wys daarop dat die bestaande nasionale protokolle vir siektebeheer ontwikkel is vir 'n bek-en-klouseer-vrye land, 'n status wat Suid-Afrika intussen verloor het. Gevolglik is huidige regulasies nie meer toepaslik op die werklikheid op grondvlak nie en laat dit boere sonder praktiese middele om hul kuddes te beskerm.

Daar word 'n dringende beroep gedoen dat bek-en-klouseer-entstowwe deur private instellings ingevoer en versprei word, en dat boere toegelaat word om hul diere self, onder toepaslike veeartsenykundige toesig, in te ent. Sonder vinnige en doelgerigte optrede waarsku kenners dat verdere beperkings, plaas-sluitings en produksieverliese onvermydelik is.

Rolspelers in die landbousektor doen 'n beroep op onmiddellike samewerking tussen die staat, georganiseerde landbou en produsente om die entstofkrisis en die verspreiding van die virus te stuit voordat die skade aan die vleisbedryf onherstelbaar raak.

# Petrus Steyn bejaarde deur polisie raakgery

## *Venter sterf in ambulans*

'n 50-jarige wewenaar van Petrus Steyn, Marius Venter, is op die middag van 4 November 2025 dood nadat hy deur 'n polisievoertuig raakgery is.

Volgens beskikbare inligting is Venter deur 'n polisievoertuig raakgery toe die voertuig agteruit beweeg het. Hy is ernstig beseer en het later in 'n ambulans oppad hospitaal toe aan sy beserings beswyk.

CCTV-beeldmateriaal van die VKB-handelstak in Petrus Steyn toon hoe mnr. Venter kort voor die voorval die winkel binnegegaan het om items vir staal- en sweiswerk te besigtig. Hy het daarna die winkel verlaat en om die hoek van die gebou geloop. Op daardie stadium het die polisievoertuig agteruit beweeg. Daar word vermoed dat die bestuurder hom nie gesien het nie weens 'n keer- of afskortmuur langs die gebou wat die sig belemmer het.

Die betrokke polisielid het onmiddellik gestop, uit die voertuig geklim om ondersoek in te stel en 'n ambulans na die toneel ontbied.

Venter was 'n bekende nutsman in Petrus Steyn en het gereeld metaal- en sweiswerk gedoen om 'n inkomste te verdien.

Die begrafnis kon eers op 21 November 2025 plaasvind, nadat twee nadoodse ondersoeke uitgevoer is. Volgens bronne het die staatsnadoodse ondersoekers aanvanklik twee keer bevind dat Venter aan natuurlike oorsake, naamlik longontsteking, gesterf het. Hierdie bevinding is egter betwis, waarna bevestig is dat die dood wel as gevolg van onnatuurlike oorsake plaasgevind het. Die verassing van die liggaam kon eers op 9 Desember 2025 plaasvind.

'n Saak is by die polisie geopen, maar die owerhede wou nie bevestig of dit as strafbare manslag ondersoek word nie. Die Onafhanklike Polisie-ondersoekdirektoraat (IPID) ondersoek die voorval ook. Daar word vermoed dat die Bethlehem IPID-tak met die ondersoek gemoeid is.









# Nuus uit Ringerstraat Jeugsorgsentrum

## Nuwe jaar, nuwe graad – praktiese wenke vir wanneer die skool reeds begin het

### *Ondersteuning vandag bou veerkragtige kinders vir môre*




Vir baie gesinne is die skooljaar reeds in volle swang. Wanneer die eerste opgewondenheid begin afneem, raak die werklikheid van nuwe roetines, akademiese verwagtinge en sosiale aanpassings meer sigbaar. Hierdie fase is dikwels waar kinders die meeste ondersteuning nodig het. Hieronder volg praktiese, toepaslike wenke vir ouers om hul kinders te help wanneer die skool reeds begin het.

Let op veranderinge in gedrag.

Wanneer die skool eers aan die gang is, wys spanning dikwels deur gedragsveranderinge. Let op tekens soos moegheid, prikkelbaarheid, teruggetrokkenheid, huilbuie of weerstand teen skoolgaan. Hierdie seine is 'n uitnodiging tot gesprek en ondersteuning, nie straf nie.

Skep daaglikse "inklop-tyd".

Maak doelbewus elke dag tyd om by jou kind in te loer, al is dit net tien minute. Vra eenvoudige vrae soos: "Wat was vandag maklik?" en "Wat was vandag moeilik?" Dit help kinders om hul ervarings te verwerk en wys dat hul gevoelens belangrik is.

Hersien en versterk roetines.

Wanneer kinders oorweldig voel, help dit om roetines weer vas te lê. Gaan slaaptye, oggendvoorbereiding en huiswerktyd saam deur en pas dit aan waar nodig. Duidelike struktuur gee kinders 'n gevoel van beheer en veiligheid.

Breek skoolwerk in kleiner dele op.

As huiswerk of take spanning veroorsaak, help om dit in kleiner, hanteerbare stappe te verdeel. Werk saam 'n eenvoudige plan uit en prys moeite eerder as perfekte resultate. Dit verminder druk en bou selfvertroue.

Normaliseer gevoelens van onsekerheid

Herinner kinders dat dit normaal is om nie alles dadelik te verstaan of aan te pas nie. Deel stories van ander kinders (of algemene voorbeelde) wat ook tyd geneem het om aan te pas. Dit help kinders om minder alleen te voel.

Bly in kontak met die skool.

As daar aanhoudende bekommernisse is, skakel vroeg met die onderwyser. 'n Kort gesprek kan dikwels duidelikheid bring en help om gesamentlike ondersteuning vir die kind te beplan voordat probleme eskaleer.

**Ondersteun sosiale aanpassing:**

Gesels gereeld oor vriendskappe en pouses. Help kinders om woorde te gee aan sosiale uitdagings en bespreek moontlike oplossings. Rolspel by die huis kan kinders help om moeilike situasies meer selfversekerd te hanteer.

Beskerm rus en speeltyd.

Wanneer die skooldruk toeneem, is rus en speel nie 'n luukse nie, maar 'n noodsaaklikheid. Maak seker daar is tyd vir ontspanning, beweging en aktiwiteite wat jou kind geniet. Dit help om emosionele spanning te verlig.

Moenie huiwer om hulp te vra nie.

As spanning, angs of gedragsveranderinge voortduur, is dit belangrik om professionele ondersteuning te oorweeg. Skoolberaders en maatskaplike werkers kan waardevolle leiding bied om kinders en gesinne te ondersteun.

Wanneer die skool reeds begin het, gaan dit minder oor perfekte voorbereiding en meer oor volgehoue ondersteuning. Deur teenwoordig, betrokke en aanpasbaar te bly, help ouers hul kinders om die skooljaar stap vir stap met groter selfvertroue te hanteer – want ondersteuning vandag bou veerkragtige kinders vir môre.

## Kommer oor medikasietekorte by Vrystaatse Departement van Gesondheid

Daar heers tans toenemende kommer oor die aantal klagtes wat regoor die Vrystaat ontvang word van gemeenskappe oor 'n beweerde tekort aan medikasie by staatsklinieke en hospitale. Onder die fasiliteite wat na bewering die swaarste getref is, tel die Gateway-kliniek by Nasionale Hospitaal in Bloemfontein, asook Thebe Hospitaal in Harrismith, waar pasiënte glo met ernstige tekorte aan noodsaaklike medikasie gekonfronteer word.

Die krisis het veral gedurende die feesseisoen toegeneem, toe voorrade in die openbare gesondheidssektor uitgeput geraak het en sedertdien nog nie voldoende aangevul is nie.

Die mediese depot in Bloemfontein, wat as sentrale verspreidingspunt vir mediese voorrade aan gesondheidsfasiliteite regoor die provinsie dien, het in November 2025 ernstige strukturele skade opgedoen toe plafonne in die gebou ineengestort het. Die depot moes daarna sluit nadat dit onveilig verklaar is, wat die verspreiding van medikasie verder bemoeilik het.

Die eerste kwartaallikse verslag vir die 2025/2026-boekjaar oor die Provinsiale Departement van Gesondheid het ook 'n finansiële situasie blootgelê wat kommer wek. Dit is ten spyte van die Vrystaatse LUR vir Gesondheid, mnr. Monyatso Mahlatsi, se versekering tydens sy begrotingsrede dat voldoende fondse vir medikasie beskikbaar sou wees.

Volgens gesondheidswerkers by Tokollo Hospitaal in Heilbron, sowel as by omliggende gemeenskapsklinieke, is daar tans egter nog geen tekorte of vertragings in die aflewering van medikasie ondervind nie. Sedert die begin van 2026, sê hospitaalaptekers dat hulle steeds sonder onderbreking voorskrifte aan pasiënte verskaf en voorraadbestellings plaas. Inwoners word nietemin aangeraai om waaksaam te bly en voorsorg te tref indien die krisis na die Ngwathe-distrik sou uitbrei.

## UIT DIE PEN: Week 4

Daar is regtig *trolle* daar buite. Mense wat daarop uit is om jou lewe te vergal. En hierdie verwys ek spesifiek na die *internettrolle*. Dis darem nou vir jou 'n spesie met 'n ander DNA.

Ek dink hulle het spesiaal gemuteer om die gemeenste mense op aarde te wees. Al lyk hulle soos 'n "normale" mens.

Wel, ek kan nie sê of hulle die gemeenste mense is nie, want mens sien hulle nie. Jy lees net van hulle.

Ek volg 'n sekere maatskappy op sosiale media. Hulle het een toegewysde persoon wat die sosiale media behartig. Om enigsins sosiale media te behartig, moet jy regtig spesiaal wees. Die toegewysde persoon moet reageer op mense wat agter hulle rekenaarskerms sit en boodskappe tik wat hulle nooit, ooit persoonlik vir die ontvanger daarvan sou sê nie. Baie braaf. En die toegewysde persoon moet ten alle tye professioneel en met respek op die vieslike kommentaar reageer.

Amper soos die maer, dun mannetjie wat 'n groot, uitgevrete lummel bly tart, want dun, mannetjie kan mos vinnig weghardloop. Totdat maer, dun mannetjie in 'n doodloopstraat beland met groot, uitgevrete lummel voor hom. Omdraai kan hy nie, want dan loop hy homself vas in groot, uitgevrete lummel.

Nietemin. Ek sien toe dat daar 'n *trol* is wat elke keer snedige kommentaar lewer op 'n inskrywing van die maatskappy. "Julle pos net hierdie goed want julle het iets om weg te steek."

Die maatskappy reageer met: "Wees asseblief so gaaf om ons meer te vertel, want ons wil jou graag help."

"Is nie. Julle wil net geld maak. Ek weet presies wie en wat julle is."

Bogenoemde het homself weer herhaal met 'n ander inskrywing. Toe die maatskappy weer op een van haar kommentare reageer, blaf sy terug.

"Ek wys my net hòè laag jou emosionele intelligensie is."

Gelukkig het sy "intelligensie" reg gespel.

Die maatskappy ignoreer die verdere kommentaar op die maatskappy se pos. Want niemand weet wie hierdie mens is, of wat die probleem is nie.

'n Paar dae daarna stroom die maatskappy 'n funksie waar daar pryse uitgedeel word. Natuurlik kondig hulle dit toe op sosiale media aan.

Die trol is weereens op haar pos.

"Dis sekerlik net julle maatskappy se werknemers se kinders wat pryse kry."

Nou ja. Ek het geweet dat iemand besig is om uit rat te spring.

Die toegewysde persoon vra toe weereens hoekom sy sulke kommentaar lewer? En wie is die kommentator? Kan hulle dalk haar kontaknommer of e-posadres kry om op te volg?

Nee, sê die *trol*. "Julle kan maar self probeer uitvind wie ek is en hoekom ek briesend kwaad en aggressief is." Want die maatskappy beantwoord nie haar e-posse nie.

Die toegewysde persoon gebruik toe haar mikroskoop en gaan soek na 'n naald in die hooimied. Jou waarlikwaar: hulle spoor vir *trol* op.

*Trol* kry 'n e-pos om vanaf die maatskappy om te vra wat die probleem is. In die e-pos is ook skermskote van die kommentaar op sosiale media.

*Trol* reageer, weereens baie skerp, op die e-pos en sê dat sy met geeneen, behalwe die hoof uitvoerende beampte wil praat nie. Want "almal" ignoreer haar.

Met goeie rede, dink ek.

Uiteindelik het *Trol* die kontakbesonderhede, maar ek weet nie of iemand haar al te woord gestaan het nie.

Die rede vir die lang relaas hier bo is om uit te wys dat daar mense is wat agter hulle kommentaar skuil. Niemand mag weet wie hulle is nie, jy mag ook met dieselfde felheid op hulle boodskappe reageer nie, want dat het jy 'n lae emosionele intelligensie. Of jy is vergeldend. Of jy wil net geld maak. Of een van die ander duisende redes.

Maar *trol* mag *trol*, maak nie saak wat die gevolge is nie.

Soms dink ek dat sosiale media 'n euwel is. Want alles wat op sosiale media gekry word, word as die volle evangelie beskou. Die ander dag sien ek die volgende boodskap op Facebook:

"If it is on the internet, then it must be true. Quote by Albert Einstein. He was the inventor of the light bulb and was born in 1996."

Iemand het daarop gereageer: "Never trust Einstein's quotes on the Internet. Quote by Abraham Lincoln."

Die waarheid is dat mense sal glo dat Albert Einstein gesê het dat die internet nie betroubaar is nie. (Einstein is in 1955 dood, lank voordat die internet lewe gekry het.) Dit was ook Thomas Alfa Edison wat die gloeilamp ontwikkel het. En hy is beslis nie in 1996 gebore nie. En oor Abraham Lincoln gaan ek nie eers uitwy nie.

Ek het hierdie week geleer dat sosiale media regtig donker is. Dat daar mense is wat dinge kwytraak wat regtig kan seer maak, en hulle gee nie om nie, want hulle sit veilig in hulle klein hoekie en ek in myne.

Hulle is braaf en bullebakke, hulle reageer op dinge waarvan hulle nie weet nie, of dalk net die helfte van die storie gehoor het. Hulle is aggressief en impulsief, maar wil nie hulle identiteit bekend maak nie.

Ek verstaan volkome hoekom kinders (en grootmense!) emosionele probleme ontwikkel omdat hulle aanlyn geboelie word. Ek het 'n stukkie daarvan gesien.

Laat ek egter nie veralgemeen nie: Nie alles van sosiale media is donker nie. Daar is sekere aspekte van sosiale media wat my opgewonde maak: dis 'n maklike manier om honderde of duisende mense te bereik.

Dalk moet *trolle* net leer om mense met respek te behandel, asof jy voor iemand staan. Sodat jy elke woord eers kan oordink en soos 'n peperment in jou mond kan rondrol voordat jy verbete tik.

Want sosiale media kan nooit uitgevee word nie. Jou spore raak net al hoe dieper.

# AfriForum beklink regsoorwinnings oor Ngwathe:

## *Munisipaliteite moet aanspreeklik gehou word*

• ***Marthinus Koekemoer***

AfriForum het in met verskeie munisipaliteite in die hof swaarde gekruis oor onder meer swak dienslewering en die instelling van onbillike tariewe. Van die mees noemenswaardige oorwinnings was dié van sake wat AfriForum teen die Mafube en Ngwathe Plaaslike Munisipaliteite en die Johannesburg en Tshwane Metropolitaanse Munisipaliteite gepak het.

Inwoners van dorpe wat onder die Mafube Plaaslike Munisipaliteit sorteer, moet al jare lank met min of geen munisipale dienste oor die weg kom. AfriForum en die Mafube-sakeforum (MBF) het egter ingegryp en in Maart verlede jaar het die premier van die Vrystaat en 12 ander respondente bloedneus in die Hooggeregshof in Bloemfontein gekry. Dit volg ná hofbevele van 2021 en 2022 geïgnoreer is en 'n volbank regters bevind het die respondente aan minagting van die hof skuldig is.

Die hof het onder meer die respondente beveel om sonder uitstel 'n finansiële herstelplan te finaliseer en te implementeer, en besoedeling wat die munisipaliteit se rioolsuiweringsaanleg in die Vaal- en Wilgerivier veroorsaak, te stop.

Christa Ikking, AfriForum se koördineerder vir die sentraalstreek, sê die hooffokus van die hofaansoek was om in belang van die munisipaliteit se inwoners op te tree en toe te sien dat dienslewering hier herstel word. "Ons het in 'n groter doel geslaag deur die provinsie te verplig om in te gryp en aan die hof te rapporteer."

Verskeie ander dorpe in die Vrystaat gaan ook gebuk onder toenemende swak munisipale dienslewering. In die noordelike deel van die Vrystaat sukkel die Ngwathe Plaaslike Munisipaliteit, soos Mafube, ook al etlike jare lank om die mas van gehalte dienslewering op te kom.

Kragonderbrekings, vuil of geen water in krane, besoedeling en paaie wat verbrokkel, is maar enkele van die probleme waarmee inwoners van die Ngwathe se dorpe – Parys, Heilbron, Koppies en Vredefort – moet saamleef.

AfriForum het die munisipaliteit die stryd aangesê en in Junie 2025 het die Hooggeregshof in Bloemfontein bevind dat Ngwathe nie sy grondwetlike, wetlike en administratiewe verpligtinge teenoor inwoners nakom nie. 'n Interdik het die raad verplig om te ontbind en die Vrystaatse provinsiale regering opdrag gegee om by die munisipaliteit in te gryp. Soos in die geval van Mafube moet 'n herstelplan ook vir Ngwathe geïmplementeer word.

Die munisipaliteit se aansoek om appèl teen die bevel aan te teken, is kort daarna van die hand gewys, maar die munisipaliteit het egter in Augustus 'n aansoek by die Hoogste Hof van Appèl ingedien om die uitspraak omgekeer te kry. Dit is ook van die hand gewys. Die munisipaliteit het hom kort daarna tot die Konstitusionele Hof gewend. AfriForum het intussen in September aansoek gedoen dat die oorspronklike hofbevel hangende Ngwathe se appèlproses geïmplementeer word. Na verwagting sal hierdie aansoek later vanjaar aangehoor word.

Volgens Schalk Burger, voorsitter van AfriForum se Parys-tak, is Parysenaars verheug oor die hofuitspraak wat die munisipaliteit tot verantwoording roep. "Dit was 'n jare lange stryd om tot hier te kom, maar nou is die oorwinning soet. Ons is baie dankbaar vir die ondersteuning van Save Ngwathe en die dorp se inwoners wat ons altyd gehelp het met ons ondersoeke. AfriForum is dalk nie elke dag op die voorgrond in Parys nie, maar agter die skerms het ons werklik baie hard gewerk om by hierdie dag uit te kom."

# Verantwoordelike troeteldiereienaarskap en die regte rondom huisdiere in Suid-Afrika



Munisipale wette in baie dele van Suid-Afrika vereis dat huiseienaars beperk word in hoeveel honde en katte hulle op 'n eiendom mag hou sonder om toestemming van die plaaslike munisipaliteit te kry. Byvoorbeeld, volgens die Keeping/Controlling of Animals-verordening van 2024 (bylaws.org.za) mag 'n persoon nie meer as twee honde en twee katte op sy of haar perseel hê sonder skriftelike toestemming van die munisipaliteit nie. As iemand meer troeteldiere wil hê, moet 'n aansoek ingedien word wat onder andere ingaan op die ras, geslag en getal dier(e). 'n Oortreding van hierdie reël is 'n misdryf en kan tot boetes en ander regmatige optrede lei.

Hierdie tipe regulasies is ontwerp om oorbevolking van troeteldiere te voorkom, wat lei tot versorgingsprobleme, negering en groter druk op dierebeskermingsorganisasies. Die wette fokus ook op die verantwoordelikheid van eienaars om vir die welstand van hul troeteldiere te sorg, insluitend registrasie, mikro-snying en voldoende behuising en vetsorg waar nodig.

'n Groot bron van kommer onder omgewings- en natuurvernuwers is die impak wat oorbevolkte en vrylopende katte op plaaslike wild en biodiversiteit het. Navorsing wêreldwyd toon dat vrylopende, huise-ondersteunde en verwilderde katte as effektiewe jagters optree, miljoene voëls, klein soogdiere, reptiele en ander wilde diere doodmaak – wat tot die agteruitgang van plaaslike spesies kan bydra. Hul teenwoordigheid kan selfs 'n bedreiging vir bedreigde spesies in natuurgebiede inhou.

Kat-eienaars en diere-welsynsorganisasies wys daarop hoe vinnig katpopulasies kan toeneem as hulle nie gesteriliseer word nie:

Katte kan al seksueel aktief raak vanaf ongeveer 6 maande oud en is nie streng seisoenale broeiers nie – hulle kan regdeur die jaar dragtig raak en kleintjies hê.

Volgens etologiese studies produseer sommige katte gemiddeld ongeveer 1,4 liter per jaar, met 'n maksimum van tot 3 werpsels in 'n jaar onder gunstige omstandighede. Elke werpsel bevat gewoonlik 1 tot 6 kleintjies.

Hierdie hoë voortplantingsvermoë beteken dat selfs 'n klein groep ongesnyde katte vinnig tot 'n groot getal kan groei as dit nie deur verantwoordelike eienaarskap bestuur word nie.

Verantwoordelike troeteldier-eienaarskap behels nie net om binne die wettige perke te bly nie, maar ook om katte te laat steriliseer, siektes te bestry en voorkom, en te verseker dat hul troeteldiere nie onbeheerd rondloop en kleinwild jag nie. Baie dierewelstand-organisasies bevorder bestuursprogramme soos Trap-Neuter-Return (TNR) vir vrylopende katte om die bevolkingsgroei op 'n etiese en volhoubare wyse te bestuur.






# Top Presteerders





























# Bronnies se nuwe personeel






# KENNISGEWINGS

Vorm JJJ

## VERLORE OF VERNIETIGDE TITELBEWYS

Hiermee word kennis gegee dat kragtens die bepalings van regulasie 68 van die Registrasie van Aktes Wet, 1937, dit die voorneme is om aansoek te doen om die uitreiking van 'n gesertifiseerde afskrif van Transportakte T4803/1955 gepasseer deur die **BOEDEL VAN WYLE ELIZABETH WILHELMINA VAN ZYL** (Gebore Olivier) No. 743/53 kragtens Briewe aan Administrasie gedateer 21 Julie 1953 ten gunste van DIE KERKRAAD VAN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE GEMEENTE TE EDENVILLE, ten aansien van sekere: ERF NO. 166 geleë in die dorp Edenville, Distrik Kroonstad, GROOT: TWEE EN VYFTIG (52) vierkante roede, TWAALF (12) vierkante voet

Wat verlore geraak het of vernietig is.

Alle belanghebbendes wat teen die uitreiking van sodanige afskrif beswaar het, word hierby versoek om dit skriftelik in te dien by die Registrateur van Aktes: Vrystaat te BLOEMFONTEIN binnetwee weke vanaf datum van publikasie van hierdie kennisgewing.

Gedateer te Heilbron op hede die 21ste dag van Januarie 2026.

**AANSOEKER:**
**AMANDA ANNE SCHUTTE**
**KERKSTRAAT 40, HEILBRON 9650**
**E-POS ADRES: aktesa@corven.co.za**
**KONTAKNOMMER: 058 852 2035**

---

Vorm JJJ

## VERLORE OF VERNIETIGDE TITELBEWYS

Hiermee word kennis gegee dat kragtens die bepalings van regulasie 68 van die Registrasie van Aktes Wet, 1937, dit die voorneme is om aansoek te doen om die uitreiking van 'n gesertifiseerde afskrif van **Transportakte T4569/1993** gepasseer deur **HENDRIK CHRISTIAAN JACOBS, Identiteitsnommer: 230327 5015 002,** Getroud binne gemeenskap van goed met ELIZABETH WILHELMINA JOHANNA JACOBS, ten gunste van DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE GEMEENTE, EDENVILLE, ten aansien van sekere ERF 14 Edenville, Distrik Kroonstad Provinsie Vrystaat; GROOT: TWEE DUISEND NEGE HONDERD VIER EN SEWENTIG (2974) vierkante meter

Wat verlore geraak het of vernietig is.

Alle belanghebbendes wat teen die uitreiking van sodanige afskrif beswaar het, word hierby versoek om dit skriftelik in te dien by die Registrateur van Aktes: Vrystaat te BLOEMFONTEIN binnetwee weke vanaf datum van publikasie van hierdie kennisgewing.


Gedateer te Heilbron op hede die 21ste dag van Januarie 2026.

**AANSOEKER:**
**AMANDA ANNE SCHUTTE**
**KERKSTRAAT 40, HEILBRON 9650**
**E-POS ADRES: aktesa@corven.co.za**
**KONTAKNOMMER: 058 852 2035**


BOOMERANG
SKOOL TASSE
BESKIKBAAR @ SLEGS
R1 200 BTW ING.



Elsstraat 44, Heilbron
Tel: 058 852 3033
heraldwinkel@heilbron.co.za




# FOTOSTATE

**Swart / Black**

| | | |
|---|---|---|
| A4 | 1 - 50 Bladsye | @ R1-50 |
| | 51+ | @ 80c |
| A3 | 1 - 50 Bladsye | @ R3-00 |
| | 51+ | @ R1-50 |

**Volkleur / Colour**

| | | |
|---|---|---|
| A4 | 1 - 10 Bladsye | @ R5-00 |
| | 10+ | @ R4-00 |
| A3 | 1 - 10 Bladsye | @ R10-00 |
| | 10+ | @ R8-00 |

WINKELURE

Maandae tot Donderdae: 07:30 - 17:00
Vrydae: 07:30 - 16:30
Saterdae: 08:30 - 13:00

Elsstraat 44
Heilbron
Tel: 058 852 3033
E-Pos: heraldwinkel@heilbron.co.za

Herald Office National




Elsstraat 44, Heilbron
Tel: 058 852 3033
heraldwinkel@heilbron.co.za




TE HUUR

**HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS**

Geskik vir ongeveer 70 mense. Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.

**Sonja Muller**
**081 849 1877**

*Verskeidenheid legkaarte beskikbaar*



Elsstraat 44, Heilbron
Tel: 058 852 3033

**SELF-INKING STAMPS**



**SELF-INKING DATER STAMPS**

Elsstraat 44, Heilbron
Tel: 058 852 3033


Vir enige nuus en advertensies vir die Heilbron Herald kontak gerus vir

**Antonio Pienaar**

by die Heilbron Herald
058 852 3033 of
heraldnuus@heilbron.co.za





Elsstraat 44, Heilbron
Tel: 058 852 3033


# SMALLS

# DIENSTE


**BAAL / SNY & BAAL**

Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers. Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
KONTAK JACO MEIRING
082 851 6158 OF
PIET MEIRING 082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com

**BAAL / SNY & BAAL ...**

Vir sny-, hark- en baalwerk.
Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685
Heilbron

DUPNO Trading
AUGERS
GRAANDAMME
SINKDAMME
BUNKERS
AFLAAIBAKKE
Kontak:
Ryno 073 268 7565
ryno.dupno@gmail.com


**BIBLIOTEEK OOP**

***Piercestraat 66 • Heilbron***
**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***


**BESIGHEIDSURE**

**Maandae - Vrydae: 08:00 -16:30**
**Saterdae: 09:00 -12:00**

**Elsstraat 42, Heilbron**
**Tel: 058 853 0006**
POSTNET HEILBRON


# GEKLASSIFISEERD


**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**

**Tel: 058 852 3033/4/5**
**• Faks: 058 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**

**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Kobus** kobuss@heilbron.co.za (Wyeformaat produksiebestuurder) WhatsApp Nr. 081 889 8192
• **Silma** marketing@heilbron.co.za herald@heilbron.co.za (Korporatiewe klere, oorpakke, kommersiële drukwerk ens.) WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Antonio** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, Skryfbehoeftes, Kommersiële drukwerk ens.) WhatsApp Nr. 061 294 3983
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.) WhatsApp Nr. 066 056 1601
• heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, advertensies)

**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort, Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**


*Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.*

HERALD

# The work few are willing to do in the Community Work Programme (CWP)

Across towns, townships, and rural villages in South Africa, a quiet force of dedication is at work every day. Long before offices open and long after many pass by without noticing, ordinary South Africans are sweeping streets, tending community gardens, supporting school grounds keepers, and restoring dignity to spaces that matter. They are the participants of the Community Work Programme (CWP) — and they are the backbone of their communities.

The Community Work Programme, implemented by government as a public employment initiative, was designed to provide part-time, predictable work to unemployed and under-employed citizens. But beyond the structure, stipends, and schedules lies something far more powerful: people who show up, even when the work is physically demanding, emotionally taxing, and often unseen.

CWP participants take on tasks that many overlook or avoid — cleaning neglected public spaces, clearing overgrown areas, assisting at understaffed schools and clinics, and responding to community needs where resources are stretched thin. These are not glamorous jobs, yet they are essential. Without this work, many communities would struggle to function with dignity.

Often working just a few days a week for a modest stipend, participants do not complain about what they lack. Instead, they focus on what they can give. For many, the work is not only about income — it is about purpose, pride, and service.

Behind every CWP statistic is a human story and these individuals become anchors of hope in their neighbourhoods. They know the people they serve. They understand the struggles firsthand. And because of that, their work carries compassion that no policy document can capture.

One of the most powerful impacts of the CWP is the restoration of dignity — not only for those who benefit from the services, but for the workers themselves. Being able to contribute meaningfully, earn an income, and be recognised as someone who adds value changes how people see themselves and how communities see one another.

The programme fosters a sense of belonging and shared responsibility, reminding communities that progress does not only come from large institutions, but from collective effort and care at ground level.



While the Community Work Programme may be described as an employment safety net, its participants are far more than beneficiaries — they are unsung heroes. They step into gaps where help is needed most, often without applause or recognition, driven by resilience and a deep commitment to service.

In a country facing complex social and economic challenges, the CWP stands as a reminder that human effort, compassion, and community spirit remain among South Africa's greatest strengths.

And every swept street, cared-for garden and supported learner tells the same quiet truth:

when people are given the opportunity to serve, they rise — not only for themselves, but for everyone around them.

BBB ABATTOIR

VAKANTE POS
Half dag administratiewe klerk

VEREISTE:
- Graad 12-sertifikaat
- Rekenaarvaardig (Ondervinding in Pastel + Excel)
- Syferaangelê wees
- Tweetalig magtig

VERANTWOORDELIKHEDE:
- Algemene kantooradministrasie en ondersteuningsdienste
- Akkurate verwerking van fakture tot op betaal stadium
- Effektiewe hantering van maandeindes en nakoming van sperdatums
- Alle ander aspekte wat op die pos betrekking mag hê

Handig CV's in by BBB Abattoir of epos na johan@bbbabattoir.co.za
AANSOEKE SLUIT 25 JANUARIE 2026

Kontak:
Ellouise Breitenbach 082 413 5961

Vir die stroop van Mielies en Sojas



Koos Engelbrecht
082 388 2277

HEILBRON EIENDOMME
pretstap
24 JANUARIE 2026
07:30 | HEILBRON GHOLFKLUB
5km pretstap/draf vir die hele familie!



Vriendelike honde aan leibande is welkom
ANNELIZE 082 331 9856 | KANTOOR 058 852 2035 | JOLANDRI 079 846 1075
Koffie en ontbyt te koop na die tyd

BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

BELANGRIKSTE veilings

MAANDAG - 26 JANUARIE 2026
BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346
STANDERTON Aanlyn Speenkalf veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811

DINSDAG - 27 JANUARIE 2026
DUNDEE Speenkalf veiling
Kontak Brokkie Brockmann 084 429 3091
VERKYKERSKOP Maandelikse veiling
Kontak Marthinus Theunissen 076 420 4115


WOENSDAG - 28 JANUARIE 2026
WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776
REITZ Maandelikse veiling
Kontak Francois Duminy 082 528 1899
ROODEDRAAI Maandelikse veiling
Kontak Boet-Jan vd Wath 072 626 9242
JOZINI Maandelikse veiling
Kontak Trevor Ehrens 064 850 2930

DONDERDAG - 29 JANUARIE 2026
ERMELO Weeklikse veiling
Kontak Boet-Jan vd Wath 072 626 9242

VRYDAG - 30 JANUARIE 2026
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411
STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811
POTCHEFSTROOM Jaarlikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

www.bkb.co.za
BKB Limited 1998/012435/06
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071
e-pos: frankfort@bkb.co.za

PitStop vir Jesus bied aan
Die volgende stap
saam met Jan Curtin



07 Feb '26
Gratis
Ingang & Ete
Heilbron-Suid
Kerksaal,
om 13:45
Bespreek teen 4 Feb
Tanya: 083 975 8264
Alet: 060 518 1775
PitStop vir JESUS

VIR DIE BEMARKING VAN U VEE, KONTAK:
HUGO GROENEWALD - HEILBRON
082 569 7205
ARNO SWART - EDENVILLE/PARYS/KOPPIES
067 069 8383
MARKO GERBER - SASOLBURG/WOLWEHOEK
064 808 8034
SKAKEL GERUS ENIGE VAN ONS BEMARKERS VIR U KRAAL BESPREKING